NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

❖ **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
❖ **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
❖ **Kampterreine:**
Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
Magaliesberg : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

21 April 2023: Nr 14/2023

Warmnuus

❖ Sinodehuis

* In die lig van die komende langnaweek sal die Sinodehuis op Vrydag, *28 April* gesluit wees.
* Die volgende uitgawe van die Verskil sal op *5 Mei* verskyn.
* Vir die tydperk *21 April - 22 Mei* moet navrae in verband met *finansies* asb. direk aan *Rehan Rheeder* gerig word: rehan@noordsin.co.za / 083 288 7756.

Ons groet Naomi

Naomi van Wyk, rekenmeester van die Noordelike Sinode, tree aan die einde van April af. Sy het 35-jaar gelede by die eertydse Sinodale Sentrum van die NG Kerk in Visagiestraat begin werk en is later aan Noordelike Sinode toegedeel. Sy gaan haar in Pretoria vestig.

❖ CMR van blaam onthef

Ronel Aylward, skryf: “CMR NOORD verwelkom die uitspraak van die konstitusionele hof op *4 April 2023* in die appèlaansoek in die saak tussen mnr. Abrie Raaths, sy dogter, Megan Raaths en die staat.
Nege regters het eenparig bevind dat daar geen redelike kans op sukses is in die appèlverhoor teen mnr. Raaths se skuldigbevinding aan die verkragting van sy dogter, Megan, nie. Die CMR Noord se optrede is saam met die van me. Wilna Stander in hierdie saak onder verdenking geplaas. Die eensydige en sensasiebelaaide media dekking wat hieruit voortgevloei het, het die reputasie van CMR Noord en me. Stander ernstig benadeel. **Kliek hier** om verder te lees.

Sinodenuus

❖ Badseloop

Die geboue by Badseloop word tans geverf. Hulle benodig R20 000 vir die aankoop van verf. Gemeentes of individue wat dalk kan help, word gevra om vir André Botha, voorsitter van die beheerraad en predikant van die gemeente Naboomspruit, te kontak: dsanbotha@gmail.com / 079 516 7641
Loer gerus op hulle Facebook-blad vir meer inligting oor die terrein.

❖ Harmonie Park

Die inwoners van Harmoniehof en Harmonie-oord het ’n unieke Paaskonsert gehou met handewas, sop en broodjies. Om meer fotos te sien besoek hulle Faceboek blad – **kliek hier**!

❖ Pinkster ‘23

Soos reeds voorheen berig, het die SDR besluit dat gemeentes aangemoedig moet word om almal vanjaar oor dieselfde tema Pinkster te hou. Die ONSE VADER is as tema gekies. Die materiaal word tans voorberei en sal teen einde April beskikbaar wees. Die gedagte om oor dieselfde tema Pinkster te hou, is een van die aksieplanne vir die jaartema nl. “HOU MEKAAR VAS”.

❖ Deernis – Begrip – Waardering

Hierdie drie kernwoorde, ***deernis, begrip en waardering***, verwoord op ’n besondere manier die Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar. **Kliek hier** vir die volledige inligting.

Dit word ook duidelik verbeeld in die logo:
- Die stewige greep van die hande simboliseer iets van die intensiteit van ons voorneme om mekaar vas te hou.
- Die onvolmaakte sirkel simboliseer dat om mekaar vas te hou ‘n moeilike voorneme is. Dalk gaan ons sukkel om dit reg te kry en daarom gaan dit baie energie en toewyding van ons vra.

Gemeentes en ringe kan hierdie logo na goeddunke op aankondiginge, plakkate en op ander plekke gebruik. [**Kliek hier** om die logo af te laai].

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Nuusmakers

Dana Snyman, joernalis en skrywer, het onlangs ’n onderhoud met *Charlotte Sibanyoni*, leraar van Universiteitsoord, gevoer. Die onderhoud sal binnekort op KykNet uitgesaai word.

❖ Verjaarsdagwense

24/04 Sakkie Vermeulen [Emeritus]
25/04 Dürr Botha [Emeritus], Fanie Steyn [Emeritus]
27/04 Tienie de Bruyn [Montana]
30/04 Nico Coetzee [Emeritus], André Smuts [Emeritus]
02/05 Nico Steenberg [Emeritus]
03/05 Danie Ferreira [Pretoria-Tuine], Kokkie Kok [Emeritus]
06/05 Willem Nicol [Emeritus]

25/04 Nicolene Beukes [Eggenote van Mattie,Chipinge/Mutare]
03/05 Anja van Deventer [Eggenote van Lourens, Raslouw]
04/05 Marthenel van den Heever [Eggenote van Simon, Rooihuiskraal]
05/05 Hester Ackermann [Eggenote van Nic, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Pietersburg [30/04/1852]

Vaalwater [06/05/1930]

❖ Rietfontein-Noord

Tiaan van Niekerk skryf:

"Kom kuier saam by die **MeiMootMakietie** op *5 Mei* vanaf 17:00 by Tom Frates Park oorkant NG Rietfontein-Noord in Pretoria!
Heerlike kos- en koffiestalletjies en lekker vermaak vir die hele gesin, met springkastele, speletjies, 'n blaasorkes en vol vertoning deur Brendan Peyper en sy band. Kaartjies beskikbaar by Quicket https://qkt.io/RcmYqB of by die Kerkkantoor [012 331 3253. Bring die hele gesin vir 'n lekker aand van pret en musiek!"

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier. Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Dink nuut oor jou bediening

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. **Kliek hier** vir volledige inligting.
Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *9-11 Mei*: **Ons konteks – Waa is ons nou?** Inligting volg binnekort.
- *24-26 Oktober:* ***Hoe lees ons die Bybel?*** Inligting volg binnekort.

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/3XvnAqKnjgeMEw126. **VBO-punte** 270.

Pastorale beradingskursus

Unieke uitdagings rakende die grootmaak van seuns en dogters *20 Mei* (08:30-13:00
Plek: Odendaal str 10, Cornelia. **Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
Kliek hier vir die volledige inligting. **VBO punte** 5.

Prediking van die Ou Testament

Dennis Olson. *20 Junie*. **Kliek hier** vir die besonderhede.

Ander nuus

❖ Fathers Matter Conference >>>

Date: *20 May* (08h00-16h00)
Venue: 1353 De Villebois Mareuil Dr, Moreleta Church, Pretoria
Tickets: Buy the tickets at iTickets – only R100
Visit www.heartlines.org.za for more information.

❖ Kerkbode

* Lees die volgende in die jongste uitgawe: Die Andrew Murray-Prysfonds het pas hulle jaarlikse wenners bekendgemaak. **Kliek hier** vir die volledige persverklaring met inligting oor die onderskeie kategoriewenners.
* 'n Joernalis van Kerkbode vergesel 'n groep bekendes in die vermaaklikheidswêreld en nog 100 stappers op die RSG Red 'n Plaas Camino. Lees *Helene Meissenheimer* se stories oor haar ervaringe tydens haar epiese 166km-staptog. **Kliek hier**.

❖ Christelike Lektuurfonds

Massiewe boekverkoping

Moenie hierdie ongelooflike uitverkoping misloop nie! *17-22 April*
Koop aanlyn - https://shop.clf.co.za *of* besoek enige CLF Boekwinkel: Bloemfontein, Kimberley, Newton Park of Wellington - https://shop.clf.co.za/contact-us/).

❖ Vakatures

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Warmbad-Wes

Voltydse leraarspos (Vlak 4 van sinodale riglyne) - **Kliek hier** vir die volledige advertensie
Sluitingsdatum: *14 Mei.* **Diensaanvaarding:** *1 September* of soos onderling ooreengekom.

Naskrif